WERKBOEK I

# Die klein kleremakertjie word koning

VYFTIEN-MINUUT-AFRIKAANS

© Marisa Haasbroek



Uitdrukke en afdrukke slegs deur gesinne wat dié kursus aangekoop het. Jou ondersteuning maak meer en beter Afrikaanse tuisskool-materiaal moontlik.

# Betreklike voornaamwoorde

## *LEER DIT: BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE:*

Afrikaans het veral twee betreklike voornaamwoorde: **wie** en **wat.** In Afrikaans gebruik ons die voornaamwoord **wat** vir nie-mense én vir mense.

Engels is hier anders en gebruik *who* vir mense en *which* vir dinge. Afrikaans gebruik die betreklike voornaamwoord **wie** net saam met **se** of saam met 'n voorsetsel.

Hier is 'n die twee voorbeeldsinne uit die week se dagstukkies:

- Die reus, vir **wie** dit maklik is om die tak af te buig ...
- Die kleremakertjie, **wat** te swak is ...

As jy 'n betreklike voornaamwoord teëkom, merk hom soos al die ander voornaamwoorde met 'n ***v***.

## *MAAK DIT REG*

### *LEES:*

Lees die sin.

## *WOORDESKAT EN WOORDSTAMME:*

Soek die vetgedrukte woord op en skryf die nuwe woord en die betekenis wat die beste pas in jou woordelys. Kyk steeds of jy woorde se stamme kan eien.

## *DAGSTUKKIES:*

Gebruik die afkortings bo-aan die bladsy en merk die sin uit.

## *OORSKRYF:*

Nadat jy die sin uitgemerk het, reggemaak het en met jou onderwyser bespreek het, skryf dit, soos vantevore, foutloos in jou skryfboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Woordeskat<br>¶ Spring in<br>Homofone<br>Woorde wat maklik verwar word<br>Woordstamme<br>Trappe van vergelyking | Sinsafsluitings<br>Aanhalingstekens | *n* (naamwoorde)<br>*L* (lidwoorde)<br>*v* (voornaamwoorde)<br>**Ook betreklike v.nwe**<br>*ww* (werkwoorde)<br>*bw* (bywoorde)<br>*b* (byvoeglike naamwoorde)<br>*S* (voorsetsels)<br>+ (voegwoorde)<br>*t* (tussenwerpsels) | Werkwoorde met woema<br>Byvoeglike naamwoorde en bywoorde met byt |

***DAG 1***

Omdat hy probeer **maak** of hy swaar gedra het, vee hy dramaties die sweet van sy voorkop af

***DAG 2***

¶"Ha, jy is kamstig so groot en sterk, hoe word jy dan so gou **poegaai**" spot die reus

***DAG 3***

¶Die twee loop **verby** 'n kersieboom

***DAG 4***

¶Die reus, vir wie dit maklik is om die hoogste tak met die rypste vrugte **by te kom**, sê die kleremakertjie aan om die kersies van die omgebuigde tak te pluk

***DAG 5***

Toe die reus **onverwags** die tak laat los, vlieg die kleremakertjie, wat te swak is om die tak op sy eie onder te hou, in die lug

*WEEK 13:*

**Betreklike voornaamwoorde:**

Afrikaans gebruik die voornaamwoord **wat** vir mense én vir nie-mense. Engels is hier anders en gebruik *who* vir mense en *which* vir dinge.

Voorbeeld:

Die man, **wat** daar staan, is my pa.

*WEEK 13:*

**Betreklike voornaamwoorde:**

Afrikaans gebruik die voornaamwoord **wie** net saam met **se** of 'n voorsetsel.

Voorbeeld:

Die man, **wie se** geld gesteel is, is polisie toe.

Die man, **van wie** ek praat, is my pa.